

REDAKSIONEEL

Jesulatrie

Jesulatrie: 'n Redelik onbekende woord wat die valse geloof áán 'n Christuslose Jesus beskryf.

Die eniggebore Seun van God is die Een wat deur die Heilige Gees tot ons hoogste Profeet, ons ewige Koning en ons enigste Hoëpriester gesalf is. Hy is deur sy Vader uit die luisterryke heerlijkheid van die hemele in hierdie wêreld gestuur om ons uit ons totale doemwaardigheid te verlos. Hy het ons weer met God versoen deur sy volmaakte offer aan die kruis. Hy het vir ons die ewige lewe verwerf deur sy opstanding uit die dood. Dit is die enigheid en die uniekheid van die Here Jesus wat ons uit die Skrifte op die getuienis van die apostels leer ken.

Servet het reeds in die dae van Calvyn die drie-eenheid van God ontken. Deesdae is daar verskeie invloedryke persone wat dit waag om in die openbaar veel verder te gaan. Vir hulle is Jesus maar net 'n legendariese figuur wat net soos die godendom van die Grieke en Romeine uit die nadenke van mense in aansyn gebring is. Jesus is maar net die heldefiguur van 'n 'Joodse sekte' wat weens sy uiterste humane lewe as mens baie mense se bewondering ontlok het. Hulle het van Hom 'n Messias gemaak.

Die omvang van die skade wat die kritiese wetenskapsbenadering, ondanks sy vele goeie punte, aan die openbaring van God in sy Woord

gedoen het, is onberekenbaar groot. Die denkende mens het sedert die Renaissance die plek van God ingeneem en aanvaar slegs gegewens wat die toets van menslike denke slaag. In die post-modernisme van vandag regeer ons eie kultuurvoorstelling wéér ons denke soos dit in al die vorige antieke beskawings was. Elke paragraaf in die Bybel is reeds op een of ander manier onder verdenking van bedrog geplaas. Waar die integriteit van die Bybelteks deurgeloopt het, het noodwendig ook die boodskap daarvan geval. Dié kritici se Godvoorstelling is niks anders as 'n refleksie van hulle menslike aspirasies nie. So het hulle 'n Jesus geskep wat bloot armes ryk maak, verdruktes vry maak, onderdaniges emansipeer en die politieke 'Gees' van menseliefde en menseregte daarstel. Sonde is niks anders of méér as maatskaplike onreg nie. Die nuwe lewe is iets wat ons reeds hier op aarde vir onself skep soos wat die tegnologiese ontwikkeling vorder.

Die belydenis van Chalcedon (451) bely dat die twee nature in die een Persoon van Christus verenig is. Die belydenis van Nicea (321) het die drie-enigheid van die Vader, die Seun en die Heilige Gees geformuleer as een in Wese en drie Persone. Dit word vandag vir blote uitgediende ortodokse konstruksies aangesien, onaanvaarbaar vir die post-moderne denkende mens.

Die tyd waarin die Bybel en die kerk 'n bydrae kon maak, is helaas verby. Die westerse beskawing het nou mooi geleer hoe hulle goed gemanierd moet lewe. Die mense kan maar sonder die kerk en sonder die mite van 'n Jesus wat die Seun van God is, verder lewe.

Eintlik is dit veel erger. Nietzsche het die kerk die graf van God genoem. Alfred Loisy skryf: Jesus het die ryk van God verwag - wat toe daar uitkom was die kerk. Die kerke preek Christus, deel Hom as sakrament uit. Ondertussen lyk dit of Jesus in hulle hande 'n sagte dood gesterwe het.

Wat maak HM Kuitert van Jesus? Hy is die eerste om te erken dat Jesus maar *is* wat mense van Hom *maak*. Sy betekenis is maar die betekenis wat mense aan hom toeskryf. Daar kom ook die verskillende Jesusbeelde vandaan. Dit is die Christus wat deur die kerk ge-yk is. Buite die kerk is daar nog allerhande '*christologieë*' in omloop soos byvoorbeeld deesdae in die 'new age'-beweging. Kuitert stel 'n Jesusleer (christologie) voor waarmee mense mekaar nie sal teëgaan nie, maar so veel as moontlik hul eie religieuse ervaring aan Jesus as kapstok kan ophang.¹

Onlangs het daar weer 'n groep ondersoekers (Jesus Seminaar) op die soekpad gegaan om die historiese

1. Jezus nalatenskap van het christendom. Schets voor een christologie, Ten Have, 1998

INHOUD

- | | | | | | |
|---|--|---|---|----|--|
| 1 | Redaksioneel
Jesulatrie | 5 | Fokus
Ons gereformeerde identiteit
<i>Dr ALA Buys</i> | 9 | Rekenaar en Internet
Alfred Edersheim (2)
<i>Dr AH Bogaards</i> |
| 2 | Skrifoorndenking
Wedergebore kinders van God groei vanuit die Bybel
<i>LJ Erasmus</i> | 7 | Uit die geskiedenis
Jenny Geddes
gooi 'n stoel na die Biskop
<i>Prof VE d'Assonville</i> | 10 | Persskou
Opwindende Kategismusprediking
<i>Ds GJ Meijer</i> |
| 4 | Aktueel
Wit teologie: Die Brits-Israel-visie
<i>Mev H Stolper</i> | | | | |

Jesus op die kaart te bring (*New Quest*). Ook hierdie poging het geblyk 'n illusie te wees, want ons weet so min betroubaars van Jesus. Daarby het die Evangeliste hulle deur belydenistaal van mense laat bedien. Hulle belewenisse en die evangelies self verteenwoordig niks anders as 'n staaltjie van gemeenteteologie nie. Ook 'feite' as sulks bestaan nie. Wat mense as feite wil aandien is gekleur deur diegene wat dit vertel - met hulle interpretasie word hulle verstaan van die betekenis daarvan voorgehou. Wie is Jesus - 'n mislukte Messias (Strauss), die eskatologiese profeet (Schweitzer), die gnostiese wysheidsleraar (Robert Funk), die Gees-ervulde swerwer (Gerd Theissen)? 'Sê my wie jou Jesus is, en ek sal sê wie jy is.'

Hierin speel Kuitert saam²: 'Die christelike kerk het later van Hom die Heiland van die wêreld gemaak, maar wat Hy gedoen het was niks meer as om sy eie Joodse volk na God toe terug te roep nie. Jesus as 'n tweede

God-op-aarde, aldus die kled wat die kerk Hom aangetrek het' is die slotsom van Kuitert. 'n Skitterende stralekrans rondom hierdie besondere mens heen gedrapeer, maar niks meer as dit nie. Die idee van 'n God-mens is nie alleen nie by Jesus self terug te vind nie, maar staan ook haaks op die strenge monoteïsme wat Hyself as Jood aangehang het.' Kuitert het nog alles oor vir 'n ernstige lewe voor die aangesig van God, maar 'Tot Jezus kun je niet bidden ...'

Jesulatrie - die aanhang van 'n Christuslose Jesus; die valse geloof aan niks meer as 'n menslike ikoon, 'n 'liewe Jiesus' nie. Die mens het ons Here Jesus gestroop van sy Goddelike natuur, van sy salwing as ons Messias en sy eenheid met - en binne - die Triniteit. Dan is die kerk inderdaad die indrukwekkendste klug-klub van alle eeue. Dan is christene wat in 'n Christus as ons Saligmaker glo alleen met heilige bedrogspel besig. Soms tog nog inderdaad ernstige spel, maar nietemin bedrogspel. Dan is dit

verstaanbaar waarom die kerke, ook in Suid-Afrika, besig is om teen 'n tempo van duisende per jaar leeg te loop.

Ons Here Jesus is ons enigste Hoëpriester, ons ewige Koning en ons hoogste Profeet. Hy sit aan die regterhand van die almagtige Vader in die hemele. Hy tree gedurig vir sy uitverkorenes by die Vader in. Met sy almag beheer Hy die gang van die geskiedenis. Deur sy Gees en sy Woord regeer Hy sy kerk. Dit bly 'n onveranderlike heerlike werklikheid. Vir die openbaring van God het ons heilige ontsag.

Ons is saam met die ganse skepping in barensnood en sien met reikhalsende verlange uit na sy koms op die wolke, na sy nuutmaking van die skepping deur vuur heen, sy openbaarmaking van die kinders van God en sy veroordeling van die wat Hom misken. Maranata! Kom Here Jesus, kom gou! Halleluja!

² Ibid

SKRIFOORDENKING

LJ Erasmus, Potchefstroom

Wedergebore kinders van God groei vanuit die Bybel

Lees: 1 Petrus 1:1-3

Geliefde kind van God: Is jou dankbaarheidslewe gefokus? Dien jy God met die Bybel in jou hand? Ons Bybellees kan so maklik maar net 'n akademiese oefening word wat ons laat vasval in allerhande metodes om God se Woord te bestudeer. Ons gebruik boekies met vrae en dagstukkies om struktuur aan ons leeswerk te gee. Ons lees dus wel God se Woord (meestal net tweedehands), maar dit word so maklik vir ons 'n klomp interessante feite. Ons groei dan nie verder nie, want ons gejaagde lewe het nie meer tyd vir persoonlike (eerstehandse) Skrifstudie nie!

Tog is dit wat God van ons vra. Eie bestudering van die Skrif is een van drie speke in die wiel van jou dankbaarheidslewe. By monde van die apostel Petrus roep God ons op om drie dinge te doen: om ons

sondes af te lê, om onself te voed deur die Woord te bestudeer, om die genade in Christus te onthou!

Lê die sondes af

Die eerste opdrag is persoonlik en ingrypend van aard. Voordat jy op geestelike vlak kan groei, moet jy eers jou sondes aflê. Geloofsgroei volg eers as jy alles wat jou aandag van God en sy Woord aftrek, uit jou lewe verwyder het. God se heiligheid eis dat Hy alleen gedien moet word. Daarom moet jy jou troetelsondes aflê en op jou diens aan God fokus. Eerlike selfkennis is dus 'n vereiste vir persoonlike geloofsgroei. Die norm waarteen jy jou selfkennis moet meet is die Woord van God wat tot in ewigheid bly.

Die apostel Petrus werk vanuit die vertrekpunt van God se genade. Hy

herinner ons: Jy en ek het die wedergeboorte as 'n geskenk van God ontvang, 'n genadegawe wat aan jou hoop gee. Ons Here Jesus Christus het vir ons sondes gesterf en is uit die dood opgewek. Petrus roep ons op om in dankbaarheid te reageer deur met 'n nugter verstand en 'n volkome hoop vas te gryp aan hierdie genade. Die staande opdrag van God is: 'Wees heilig, want Ek is heilig' (Levitikus 11:44). Petrus stel die norm waarteen ons hierdie heiligheid moet meet: 'die lewende woord van God ... wat tot in ewigheid bly'. Hierdie belangrike feit word twee keer herhaal, sodat Petrus vir ons die vinger van waarskuwing kan wys: 'En dit is die woord wat aan julle verkondig is' (1 Petrus 1:23, 25).

God het die gelowige uit louter genade uitverkies en die wedergeboorte gegee. Nou kry ons

die opdrag: Lê jou sonde af! Dit is nie maar vaag en ongedefinieerd nie. Nee, God is baie spesifiek in hierdie opdrag:

- Alle boosheid – alles wat teen God se wil is.
- Alle bedrog – God lieg nooit; daarom mag ons ook nie lieg nie.
- Geveinsdheid – ons moet God se liefde uitdra; nie 'n goedkoop, onegte namaaksel nie.
- Afguns – as dit nie gaan oor selfliefde nie, sal ons nie jaloers wees en ander se goed begeer nie.
- Alle kwaadpraterij – wie skinder stel homself verwaand aan om namens God te oordeel.

Wie van ons is nie skuldig aan hierdie lys van sondes nie? God wil dat jy al jou optredes en besluite heroorweeg. God eis dat jy alle sondes moet aflê. Dit is moontlik. Efesiërs 4:22-24 leer ons om die ou sondige mens af te lê, om in ons gees vernuwe te word en ons met die nuwe mens te bekleed wat na God se beeld herskape is. Hierdie beginselbesluit om die kwaad te herken en weg te gooi, om die wonderlike nuwe lewe in Christus te herken en aan te gryp, dit is wat God van jou verwag. Hiérin moet jou verstand nugter en jou hoop volkome wees.

Bestudeer die Woord

Deur Petrus gee God die opdrag wat die veilige pad aandui: Voed jouself met die Woord!

God roep ons op tot groei in ons persoonlike geloof. Ons moet smag na die suiwere Woord van God. Daarin sal ons leer dat die Here goed is. Groei in persoonlike geloof is dus nie 'n onmoontlike taak nie. Die Heilige Gees bemagtig ons om te kan groei. God se aanwysing is dat ons 'soos pasgebore kindertjies na die onvervalste melk van die woord moet verlang' (1 Petrus 2:2). Hierdie is nie maar God se wens vir ons nie. Nee, dit is 'n opdrag, 'n bevel. Julle moet sterk verlang! Waarna? Na die suiwer (onvervalste) geestelike melk van die Woord van die Here. Waarom? Sodat julle kan groei in volharding tot saligheid.

Die beeld van die pasgebore kindjie en moedersmelk is vir ons 'n baie direkte aanduiding van die waarde

van die Woord. Soos 'n klein babatjie nie sonder moedersmelk kan leef nie, net so kan die gelowige nie sonder God se Woord leef nie. God sê die Bybel is lewensbelangrik vir jou. Die kwalifikasie is dat dit suiwer (onvervals) moet wees. God gee opdrag dat jy self eerstehandse kennis van die Bybel moet hê. Jou redding is nie te vinde in dagstukkies en gebedeboekies nie, maar in die ewige en lewende Woord van God.

Dink maar self hoe ernstig ons God se raad benodig. Die kerk van Jesus Christus gaan in 2004 sigbaar agteruit. Mense is tevrede met tweedehandse kennis van die Woord. In ons eie stadsgemeentes hoor ons van kinderkerk. Dikwels is dit 'nodig' vir kinders wat hulle eie Bybel nie ken nie, omdat hulle met die Kinderbybel grootgeword het. Ook die verbondsouers het nie meer die kennis om hul kinders so groot te maak, dat hulle in die erediens kan sit en verstaan wat die dominee sê nie (verbondstaal)! Kinders (en ouers) in die kerk weet nie wat geregtigheid, heiligheid en goedertierenheid beteken nie. So is baie mense in die kerk ook ontevrede. Hulle voel die klem op die suiwer leer is onnodig en oudmodies. Hulle sê: Al wat belangrik is, is dat jy glo. Hulle sê: óns is Nuwe Testamentiese christene en ons wil ons vryheid geniet.

Dit is die vrug van tweedehandse Godsdiens. Mense wat met kitskos en afskeep-etes, met dagstukkies tevrede is. God leer ons anders. God gee die opdrag: Voed jouself met die Woord! Die waarheid is dat God se Woord werklik só ryk is – dit leer jou die suiwer leer én die wonder van die genade. Die Bybel leer jou die (hele) waarheid waarsonder jy nie kan lewe nie. God leer ons die belang van die Skrif – jou geestelike moedersmelk wat jou laat groei tot volwassenheid in die geloof.

Ons moet nie slimmer as God wil wees nie. Wat help dit om te sê jy glo in 'n Verlosser, maar die opstanding uit die dood is vir jou onwaar, klink na 'n mitiese verhaal? Wat help dit om te sê jy glo, maar jy bid tot Maria en die afgestorwe heiliges, sodat hulle Christus kan vra om jou te help? Dit is valse godsdiens, dit is afgodsdiens. Dan word Jesus Christus nie bely soos wat Hy Homself aan ons bekend

gemaak het nie. God waarsku ons in hierdie teks: Verlang sterk na die onvervalste, suiwer leer van die Woord. Net in God se Woord kry jy alles wat jy nodig het om te groei. Net in God se Woord het God alles gebalanseer sodat jou geloof nie skeef groei en in die verkeerde rigting van eie verdienste ontwikkel nie. Net God se Woord sal jou leer wat God wil hê jy moet weet.

Onthou die genade in Christus

Hoe moet ek koers hou tussen hierdie naby-leuens en amper-waarhede? Die teks beantwoord hierdie vraag: Onthou die genade in Christus! Dit is tog eenvoudig. As jy die genade in Christus voor oë hou, jou dag en jou lewe daardeur laat inkleur, kán jy nie perspektief verloor en terugval op die ou sondige paaie nie. As jy die verkeerde aflê en jouself doelgerig met die Woord van God voed, is jy mos besig om die goedertierenheid van die Here te onthou. God se goedertierenheid is God se verbondsingesteldheid teenoor jou. Dit beteken dat God sy beloftes aan jou onthou en waar wil laat word. As jy dus die genade in Christus voor oë hou, is jy besig om jouself te herinner dat jy reeds die Here se goedertierenheid gesmaak het.

Dit werk soos die drie speke van 'n wiel. Om heilig te kan leef moet jy jou sondes aflê en dit vervang met iets beter. Daarom die opdrag: Voed jouself met die Woord wat ewig vas staan. Jy kan aanhou om dit te doen terwyl jy die genade in Christus voor oë hou. Die oomblik dat jy die genade in Christus weer onthou, besef jy dat daar nog sondes is wat afgelê moet word, en soek jy weer suiwer voeding in die Woord, ensovoorts. Met elke siklus maak die Heilige Gees jou meer bruikbaar, word jy beter toegerus om God te dien, groei jy nader aan geloofsvolwassenheid. Neem egter een speek weg en die hele wiel val uitmekaar.

Laat ons God kinderlik en gehoorsaam dien. Voed jouself met die moedersmelk van die Woord, leer daaruit jou sondes ken en lê dit af omdat jy die genade in Christus altyd voor oë hou.

Wit teologie: Die Brits-Israel-visie

Is God slegs aan die kant van die blankes?

Die Boeremagde se gewelddadige optrede is deesdae nogal in die nuus. 'n Mens wonder soms: Wat besiel hierdie mense - hoogs gekwalifiseerde blanke Suid-Afrikaners - tot sulke dade? *Beeld* het op 2 Desember 2002 die volgende berig geplaas: *Boeremag met sekte verbind: Israel-visie al jare ideologiese stut vir verregses*. Om die Boeremag se optrede te begryp, sal ons moet weet wie en wat die sogenaamde Israel-visie is.

Die Israel-visie staan in Suid-Afrika as die Gemeente van die Verbondsvolk bekend. Die oorsprong moet by die Tienstammeryk gesoek word wat in 721 voor Christus deur die Assiriërs in ballingskap weggevoer is. Volgens die apokriewe boek Esra het hierdie tien stamme noordwaarts na 'n onbewoonde land getrek. Die aanhangers van die Wit teologie beweer dat die onbewoonde land die Britse eilande is. Bewyse daarvan vind hulle in die Hebreeuse woorde *berit* wat verbond beteken en *ish* wat man beteken. Die woord *beritish* sou op *british* (die Britte) dui, wat dan die verbondsvolk, Israel is.

Gedurende 1783 het Richard Brothers hierdie teorie gepubliseer. Dit is sodanig versprei dat die beweging tans oor die hele wêreld sy aanhangers tel. Die mag wat die Britte gedurende die sewentiende en agtiende eeu besit het, word as die vervulling van Bybelse profesie beskou. Herbert Armstrong het die Brits-Israel-gedagte verder uitgebou en so het die Worldwide Church of God in 1934 ontstaan. Hulle idees word deur middel van die tydskrif *The Plain Truth* sowel as internasionale korrespondensie-kursusse gepropageer. Hierdie sekte is finansiële baie sterk aangesien lede 30% van hulle maandelikse salarisse aan die organisasie afstaan. Wêreldwyd staan die organisasie as die Brits-Israel-visie bekend.

In Suid-Afrika is die Gemeente van die Verbondsvolk van mening dat die Britte slegs een van die tien stamme is. Die res van die blanke Europese Calvinistiese bevolking vorm die ander deel van die tien stamme (Israel). Vanaf 1652 het die room van die tien stamme na Suid-Afrika verhuis, te wete die Geuse, Hugenate en Setlaars. Israel is die blanke volke op aarde. Die Jode is die Tweestammeryk. Israel is God se uitverkore volk. Daarom is God aan die kant van die blankes en het Israel niks te vrees nie. Hierdie uitverkorenes sal immers 'n seën vir die hele wêreld wees. God gaan Homself deur dié volk op aarde openbaar. Die blanke Suid-Afrikaners sal 'n groot rol in die eindstryd speel. Is dit nie die suster in die suide waarvan Openbaring profeteer nie?

Leerstellings

God is drie-enig en moet as Yahweh, Yashua en Heilige Gees aangespreek word. God is slegs die God van Israel en dus aan die kant van die blankes. Die wederkoms sal plaasvind indien die huis van Israel en die huis van Juda (Jode) afsonderlik bly. Rassevermenging is Satan, wat die wederkoms wil verhinder, se werk. Die Jode word as kinders van Satan bestempel aangesien Satan die vrou, Eva, bedrieg het en sy daardeur swanger geraak en Kain in die lewe gebring het. Kain is die vader van die Jode, want Jesus het tydens sy rondwandeling op aarde die Jode ook addergeslag genoem. Daar heers tans 'n stryd om suiwerheid van ras aan die kant van die blankes wat nie met die Jode (Satanskinders) en die swartes (diere) mag vermeng nie.

Sommiges beweer dat die swart mense op die sesde dag geskape is as die wilde diere van die veld, waarvan Noag later ook een paar in die ark laat ingaan het. Ander is van mening dat die blankes geskape is, maar dat die swartes deur evolusie uit die

aap ontwikkel het. Aangesien die swartes eintlik diere is, word hulle dus ook nie as 'n naaste beskou nie. Rassevermenging is sonde omdat God gemeenskap tussen mens en dier verbied het. Sending onder swartes is 'n mors van geld aangesien God slegs met die blanke verbondsvolk werk. Uitverkiesing en verlossing geskied slegs op grond van velkleur.

Die Israel-visie sê dat die Bybel die Woord van God is, maar nie 'n afgeslote kanon nie. Nuwe Israel-waarhede word steeds ontdek en geopenbaar. Elke manlike lid is 'n profeet wat voortdurend nuwe profesie ontvang, wat gelyke (soms meer) gesag as die Skrif dra. Die Bybel word met 'n vooropgestelde idee gelees aangesien hulle beweer dat die sentrum van die Skrifboodskap die openbaring van die identiteit van die blanke ras is. Hulle heg baie meer waarde aan die Ou Testament as aan die Nuwe Testament en eet nie varkveis nie. Om hulle stellings te bewys, beweer hulle dat die vertaling van die Bybel op verskeie plekke foutief is, die Jode later tekste ingeskryf het om die blankes eenkant toe te skuif en dat sekere Skrifgedeeltes moedswillig deur die Jode weggelaat is. Deur middel van losstaande tekste en klankeksese laat hulle die Bybel spreek volgens dit wat hulle wil hoor. 'n Voorbeeld van klankeksese vind ons in die gelykenis van die landbouer in wie se land onkruid gesaai is. Die Griekse woord vir onkruid is *zizania* wat volgens hulle dui op *azanian*, die swart mense. Verder is hulle daarvan oortuig dat die Bybel slegs vir die huidige tydsbedeling spreek. Die Bybel is waar omdat profesie daarin vandag vervul word.

Die Wit teologie is gekant teen die kerkorganisasie soos ons dit ken. Die kerk behoort slegs aan Israel. Die waarheid behoort slegs aan die Israel-visie. Ander kerke werk saam aan die verbastering van die Godsvolk (deur byvoorbeeld sending) en is daarom in hulle aard goddeloos. Hulle vier nie

Nagmaal nie, maar Pasga, waartydens hulle ongesuurde brood eet. Die gebruik van die besnydenis word ook op sommige plekke gehandhaaf. Hulle verwerp die gedagte van erfsonde en beweer dat sonde slegs teen God en jou blanke naaste begaan kan word.

Ten slotte

Die leer van die Israel-visie word steeds aangepas. Dit wat hier geskryf staan kan nie volledig op alle gemeentes toegepas word nie.

Soos wat nuwe waarhede geopenbaar word, word die leer verander. Die kern is egter by elkeen dieselfde naamlik dat die blankes God se uitverkore volk en die swart mense diere is. Die Wit teologie is dus 'n teologie van haat en staan vyandig teenoor die kerk van Christus.

Aangesien die swart meerderheid en swart bemagtiging in ons land toeneem, is dit 'n ideale teologie vir elkeen wat nie van swartmense hou nie. Om dié rede groei die Israel-visie vandag geweldig. In Upington is daar byvoorbeeld 'n Israel-visie-

gemeenskap wat 'n eie skool opgerig het om die kinders in die teologie te onderrig. Aangesien daar in ons land so baie mense is wat 'kerklos' geraak het, is die Israel-visie 'n gerieflike alternatief. Hulle 'Skrifgebruik' kan egter baie verwarrend wees. Laat ons vir hierdie mense bid en daaraan werk sodat die dwaalleer ontmasker kan word en ons God die eer kan gee wat Hom toekom. Hy is God van elke lewensterrein en wil deur alle nasies, tale en tonge verheerlik word (Romeine 15:9-11; Openbaring 7:9-10).

FOKUS

Dr ALA Buys, Pietersburg-Noord

Ons gereformeerde identiteit

'n Identiteitskrisis kan in 'n bestaanskrisis ontaard. Om oor jou eie identiteit te twyfel kom gewoonlik uit geheueverlies voort - jy het vergeet wie jy is. Twyfel kan ook deur ander mense by jou gewek word. Wanneer jou identiteitsdokument soek geraak het, is daar twyfel om te aanvaar dat jy inderdaad is wie jy sê jy is. Hierdie menslike beelde kan gebruik word om die huidige identiteitskrisis in die Gereformeerde kerkverband te verduidelik.

Eenders-anders

Tot en met sinode 2003 kon die gereformeerdes nog met reg aanspraak daarop maak dat hulle anders was. Andersheid is nie noodwendig dwarsheid nie. Dit waarborg ook nie bestaansreg nie. As 'n mens uit 'n sosiologiese oogpunt na die kerk wil kyk, sou iemand met reg kon beweer dat die Gereformeerde kerke, as kerkverband in Suid-Afrika, met die sinodebesluite van 2003 hulle andersheid, hulle uniekheid en daardeur hulle bestaansreg as kerkverband prysgegee het.

Adopt and die

Die prysgawe van kerkverband was nie so duidelik toe die druk gekom het om die verandering aan te bring nie. Tydens die sinodesitting is die argument dikwels gehoor dat die kerk moet aanpas of die gevaar loop om uit pas te raak en daardeur as gevolg

van irrelevantie sal sterf; soos die Engelse spreuk lui: *adapt or die*. Die eerste tree op hierdie kerklike veranderingspad is dan ook gegee. Dit is nou een en 'n half jaar later. Van die beslisheid waarop daar vir verandering aangedring is, het daar maar 'n skrale sprankie oorgebly. In die plek daarvan het 'n vraag na identiteit gekom - ons gereformeerde identiteit. Natuurlik is dit goed dat die kerk van tyd tot tyd hierdie vraag vra. Paulus self skerp ons op om seker te maak dat ons in die allerheiligste geloof bly.

Hierdie identiteitskrisis het nie gekom as gevolg van gesonde selfondersoek nie. Dit is nie *reformata semper reformanda* nie. Hierdie identiteitsvraag het as gevolg van 'n openbaringsvraagstuk ontstaan. Wydverspreide verwarring kom onder lidmate en herders voor oor watter pad die gereformeerde kerke in die toekoms moet loop. Skielik besef die groot gros van die kerk dat die besluite van 2003 die andersheid van die kerkverband weggevat het. Nou stu die vraag al hoe meer in die gemoed op: was die verandering nie dalk *adopt to die* nie? Sterfte as gevolg van verandering.

Wie is ware kerk?

Skielik het ons ná 2003 agtergekom dat ons so eenders is soos al die ander kerkverbande, wat lankal gesê het die ware-kerk-debat is pure hoogmoedige

bogtery. Ons besef meteens dat ons 'n Skrifbeskouing het, die sosio-historiese model, wat in sy resultate maar weinig van die ander kerkverbande verskil. Die vrou in die besondere ampte bewys dit. Ons preek nie meer eintlik anders nie. Ons sing ook nie meer anders nie. Die sinodebesluite van 2003 het, deur die Cloete-omdigtings goed te keur, die beginsels van die vrye lied in die erediens vir alle praktiese doeleindes aanvaar - al is die formele aanvraag van 'n gemeente om artikel 69 KO prys te gee, van die hand gewys. Die manier waarop ons liedere kies om in die erediens te sing, verskil nie meer van ander kerkverbande nie. Ons het hier dus met *veranderingstempo* en nie meer met *veranderingsrigting* te doen nie. Die spoed is ter sprake - nie meer die kompas nie. Sommige rem, sommige beur vinniger vorentoe. Wat bly oor? Wat maak ons anders? Wat maak ons eenders?

Geen polemieks meer

Stadig, soos die koms van winter, begin ons besef dat 2003 ons fundamente verander het. Nie dat almal dit al insien nie. Hoe om hierdie saak aan die orde te bring sal geduld en liefde kos; geduld om sake kalm oor en oor te sê; liefde om mekaar vas te hou; liefde om die waarheid te praat. Polemieks werk nie. Dit help nie om te raas en skree op iemand wat nie meer weet wie hy is nie. Dit help ook nie om aan te

neem dat almal moedswillig op pad is na die afgrond toe nie. Die krisis is inderdaad groot. Die gevaar bestaan dat as daar (te) hard oor die gevaar van identiteitskrisis geskree word, die ore gestop kan word. Die tonge moet beheersd wees. Maar die ore ook. Luister opnuut na die argumente sonder om dit met fundamentalistiese, konserwatiewe benoud- en beheptheid te verwar. Die vraag is tog eenvoudig: Wat is ons gereformeerde identiteit?

Hierdie vraag kan op twee maniere benader word, naamlik 'n tradisioneel-pragmatiese manier óf prinsipiële-oriënterend.

Dopper-Franchise

As dit pragmaties, sosiologies, menslik-tradisioneel benader word, praat ons oor die kerk en sy marksegment, oor die nis-mark. Dan begin ons oor getalle praat; oor waardetoevoeging en bedingingsvoordeel. Dan word die kerk as 'n franchise bedryf. 'n Hamburger bly maar 'n hamburger al het elke franchise sy eie hamburger. 'n Mens kan 'n bietjie aan vriendelike bediening en 'n lekker sousie werk, maar dit bly maar net 'n hamburger. Wat móét gebeur is nie noodwendig wat gáán gebeur nie. Die volgende scenario is 'n logiese pragmatiese moontlikheid.

Ons kan allerhande truiks by die groeiende 'kerke' (sektes) met hulle sogenaamde basiese Bybelse waarhede gaan afkyk, waar die belydeniswaarheid (enkelvoud) vir beleidswaarhede (meervoud) verruil word. Ons vra dan: Hoekom skuif hulle soveel hamburgers in dieselfde mark en ons nie? Gee dan die mark wat die mark wil hê. Die kliënt is altyd reg. Weg is Cloete en in is die gospel. Weg is die 'tradisionele verbondserediens' en in is die *praise* en *worship*-dienste met sy basiese Bybelse waarhede.

Ons kyk die groei-stimulante by 'n ander franchise af en poleer dit om dit binne 'n bestaande doppermark verkoop te kry. Ons begin ook gesamentlike projekte, *joint ventures*, met ander 'kerke' aanpak. Ons sluit by 'n 'raad' van kerke aan wat eers as 'n konvent opereer en daarna die plek van 'n sinode inneem. Ons

struktureer ons opleiding dat dit breed gereformeerd is, aanvaarbaar vir die staat en sy *national standard body* (NSB) - nie so enkel gereformeerd dat 'n mens dit eintlik sal agterkom nie.

Ons gereformeerde identiteit word dan 'n mutasie waar daar nog sentimentele waarde aan sekere sake geheg word, waar - wat verkoopstyl betref - egter geen heilige koeie meer oorgebly het nie. Ons *re-invent* onself. Ons trek 'n ander baadjie aan, maar oortuig onself dat dieselfde dopperhart nog daar klop. Ons hou 'n basaar-agtige *grand new opening*. Verskoon die Engels, maar die taal gaan in hierdie nuwe styl in die slag bly. Wat weeg 'n taal nou as dit by verkoopsyfers en omset kom?

As die saak só gestel word sal min tradisioneel-gereformeerde lidmate en predikante die saak as waar aanvaar. Dit klink te vergesog. Dit sal weer as reaksionêre gespot afgemaak word. Tog moet ons net logies en nugter na die argumente luister. As ons nie anders as ander kerkverbande is nie, wat gaan ons doen om ons lidmate te behou en nuwes by te kry? Dit is natuurlik 'n pragmatiese vraag, maar word ter wille van duidelikheid so gestel. Hoekom moet ons nie in 'n breë Afrikaanse superkerk opgaan nie; 'n kerk met 'n reformatoriese agtergrond en 'n nuwe (Anglikaanse?) liturgie en ritueel met kerse, togas en al? Dit sou tog 'n veel beter bedingingsmag by die ANC bied as om 'n klein troppie enkel doppers te wees?

Liefdesdrif

Polemiek en karikatuursketsing werk nie. Dit is so. Maar liefde ken ook drif. Die groot groep gereformeerdes verstaan nie kop of stert van wat tans aangaan nie. Daar is egter 'n klein persentasie wat wel meen dat hulle weet waarheen hulle met die kerk op pad is. Daarteen moet ons driftig wees. Teen kerklike politiek en Potchefstroomse diplomatie wat beweer dat daar eintlik niks met die kerk skort nie. Die seismiese golwe word bloot as nuanseverskille afgemaak en dan nog gesonde nuanseverskille daarby. Daar word steeds gesê dat sosio-historiese eksegese eintlik maar dieselfde is as die ou grammaties-historiese

eksegese. Dit is nóg eerbaar, nóg wetenskaplik verantwoordbaar. Dit is werklik die pad van doodsverandering, *adapt and die*. Nie almal wat teen die sosio-historiese eksegese is (wat die vrou in die amp opgelewer en ons uniekheid weggevat het) kan sommer as fundamentaliste afgemaak word nie.

Geheueverlies is Skrifverlies

Die Gereformeerde Kerk het 'n openbaringsprobleem. 'n Kerkverband kan geheueverlies kry deur die verbond te vergeet, deur sy identiteitsboek onder 'n nuwe Bybeluitlegmetode te begrawe of weg te gooi. Die doppers het geheueverlies. Ons identiteitsdokument is besig om weg te raak. Daarom weet ons nie meer wie ons is nie.

Wat gáán gebeur is nie wat móét gebeur nie. Wat moet gebeur is dat ons weer as die ware kerk onder die Woord moet buig. Dan gee die Woord die bo-ton aan oor wat geldige eksegese is. Dan bepaal die Woord ons menslike woord. Dan verstaan ons weer die verbond - dat die verbond nie soseer oor getalle gaan nie. Dan kom ons weer by ons identiteit uit wat aan ons in Christus, vanweë die uitverkiesing geskenk word (Efesiërs 1:4).

Leef of oorleef

Is ons in Christus uitgekies om heilig en sonder gebrek voor God die Vader te wees? As ons 'ja' daarop antwoord, beteken dit dat ons ons identiteit as ware kerk by Christus self bekom en nie maar 'n identiteit uit die tradisie as 'n kerk aanneem nie. Christus alleen. Sy uitverkiesing, sy verbondsbeloftes en sy verbondseise sal weer ware kerkherstel bring. Die doppers is te veel gepla om as entiteit (as kerkverband met 'n bordjie) te oorleef. Ons is te min ingestel om waarlik as ware kerk te leef. Christus het ons nie geroep om as kerkverband te oorleef nie. Hy het ons geroep om as ware kerk te leef tot verheerliking van sy Vader.

Die oomblik wanneer ons snap dat die ware kerk oor meer as saligheid gaan, dat dit gaan oor die eer van God as Vader, oor die inwoning van die Heilige Gees, dan sal ons

weer begin asemhaal. Dan sal ons benoudheid - ook ons konserwatiewe bloedbenoudheid - weggaan. Dan sal ons verfloudheid - ons liberale, vrysinnige bloedvergiëting - stop. Dan sal die geheueverlies weer opdroog. Dan sal ons weer deur die Gees van Christus krag kry. Dan sal ons ophou met ons afloerdery - nóg na menseregte, nóg na die charismatiese sogenaamde basiese Bybelse waarhede wat getalle verbondloos in die groot tent inbring. Dan sal ons weer verbondsgehoorsamheid hoog ag.

Drie uit drie?

Ons sal weer die drie kenmerke van die ware kerk by onself - as hele kerkverband - begin soek. Die drie kenmerke is nie meer oral, in al die plaaslike kerke binne hulle verband, aanwesig nie.

- Daar is nie meer konsekwente leertug oor predikante en professore nie - hoogstens ligte berispinge, maar nooit afsettings nie. Waarheid het nou waarhede geword. Dwalings het nuwe onskadelike nuanses geword. Skrifgesag-verwerping, deurdat die eenheid van die openbaring deur die sosio-historiese eksegeese versnipper word, het amptelik nuwe hermeneutiek geword. Buite-Bybelse argeologiese redenasies dra deesdae meer gewig as die Skrif-met-Skrif vergelyking. Dit word

die finale beslissingsgrond. Gebed word mistiek.

- Daar is nie meer bediening van die sakramente soos God dit ingestel het nie. Ons het nie die kelkiedebat vergeet nie - daar was die nuwe Skrifbeskouing al ingeënt. God het tog gesê: drink *daaruit* (bekerwyn binne die verbond) en nie *daarvan* (kelkiewyn, individualisties verbondbrekend) nie.
- Daar is nie meer suiwer bediening van die Woord op al die kansels nie. Die skeppingsorde word, ook wat die besondere ampte betref, sosio-histories as outyds afgemaak. Slawevrystelling en vrou-instelling word gelykgestel. Die etiese implikasies van hierdie winde van verandering het ons nog nie getref nie, maar dit sal. Tug gaan binne hierdie moeras van nuwe waarhede haas onmoontlik word. Verder: die Messiaanse lied en die vrye lied word nie duidelik onderskei nie.

Openbaring kom van Bo na onder. Enige hermeneutiek wat daardie band breek, het Christus se gesag beledig. In die verbond en in die uitverkiesing - ja, in Christus self - klaar die geheueverlies van 'n kerk op. Ons identiteitsboek, die openbaringsboek, die heilige Skrif moet weer aan die gesag van Christus self gelykgestel word. Die enigheid van God, sy eenheid wat ook in die eenheid van die openbaring skyn, moet in


ons soeke na ware kerkenheid met mekaar uitkom. Dan maak ons andersheid ons eenders. Dan kan ons weer die naam 'ware kerk' met dankbaarheid bely en die gif van die sektepad insien en as openbaringsverskraling en -verdraaiings afwys.

Die vraag

Waar gaan ons heen? Dit is hoegenaamd nie die vraag nie. Gaan jy gehoorsaam wees aan die enige openbaring van God, sonder om daaraan te torring - nóg vrysinnig, nóg fundamentalisties? Calvyn¹ was reg. Dit wat jy van jouself weet ontspring uit wat jy van God weet.

As 'n kerkverband nie meer weet wie hyself is nie, ken hy God dan nog soos Hy Homself geopenbaar het? Dit is 'n gewetensvraag, nie 'n skelvraag nie. Dit is 'n liefdesvraag wat geduldig op 'n antwoord sal bly wag. Dit is 'n lewensvraag, 'n vraag na die Lewe self en nie 'n oorlewingsvraag nie. 'n Vraag wat die dood van 'n historiese kerkverband-met-geheueverlies nie begeer nie, maar ook nie vrees nie.

¹ 'Byna die volle eindtotaal van ons wysheid, wat ons as die ware en grondige wysheid moet beskou, bestaan uit twee dele: kennis van God en kennis van onself ...Verder staan dit vas dat die mens nooit tot suiwer kennis van homself kom nie, tensy hy eers die aangesig van God aanskou het en uit die aanskoue tot 'n ondersoek van homself neerdaal.' [Inst 1.1.1; 1.1.2]



Die stoel wat Jenny na die biskop gegooi het. Vandag nog te sien in die Antikwariese Museum, Edinburg, Skotland

UIT DIE GESKIEDENIS

Prof VE d'Assonville, Pretoria

Jenny Geddes gooi 'n stoel na die Biskop

'n Dramatiese gebeurtenis in die Skotse kerkgeskiedenis

Stel jou dit voor: Jy is 'n toerist wat die pragtige stad Edinburg in Skotland besoek. Dan is dit 'n moet dat jy na High Street gaan - ook die Royal Mile genoem. Dit is een van die mees historiese strate van die hele Europa. Van die *Holyrood Palace* in die suide loop dit vir 'n myl na die groot imposante kasteel van Edinburg

wat hoog op 'n heuwel troon. Op die pad na hierdie roemryke kasteel vind 'n mens weldra 'n ewe beroemde katedraal, die Middeleeuse *St. Giles Cathedral*. Stap in en kyk op na die gewelwe van die hoë Gotiese dak. Jou oë soek ook die liturgiese sentrum en jou gedagtes gaan terug na wat op daardie plek vyf en 'n half eeue gelede gebeur het. In 1561 het John Knox - daardie vurige, gereformeerde prediker - sy reeks preke uit die

profesie van Haggai oor die heropbou van die tempel van Jerusalem aan die Skotte gelewer. O, wat 'n fees was die Woord na al die eeue van Roomse verval. Die Reformasie het in Skotland deurgebreek en die hervormer John Knox lei die kerkvolk weer terug na die Heilige Skrif. Hulle noem hom die „thundering Scot“. Sy prediking van die Woord het werklik oor die hele land gedreun.

Hoe tragies! 'n Eeu later het dieselfde Gereformeerde kerk van Edinburg weer in die diepste ellende verval - hoofsaaklik deur die despotiese koning Karel I van Engeland wat die Engelse Episkopale kerk op die Skotte afgedwing het.

Die predikant met 'n biskop vervang

Dit is 'n heerlike somersdag op Sondag 23 Julie 1637. John Knox is alreeds meer as dertig jaar gelede (1572) in die kerkhof van St. Giles begrawe. Sy Reformasiebeginsels leef egter voort en die gemeente tou in groepe na die erediens. Weldra beier die klokke, die laaste gelui. Almal wag dat die konsistoriedeur moet oopgaan en die predikant met die ouderlinge sou inkom. Die erediens moet haas begin. Almal wil na die preek uit God se Woord luister.

Maar wat sien die gemeente voor hulle oë? Nie hulle eie predikant bestyg die kansel nie, maar die Anglikaanse biskop van Edinburg, David Lindsay. Met sy swierige, kleurvolle ampsgewaad, sy hoë biskopmus en sy silwerstaf, maak hy eers die teken van die kruis, gee 'n buiging en gaan dan op die dominee se stoel sit. Dit was die begin van 'n onverwagte drama op daardie Sondagoggend in die kerk van St. Giles.

'n Gedruis van mensestemme weerklink in die groot gebou. Biskop Lindsay staan op en die gemeente word stil. Die biskop vra die aandag om 'n kerklike proklamasie van die koning te laat voorlees. Hy roep 'n totaal vreemde persoon na vore. Dit is die monnik Dean Hannay. Die gemeente het hom nog nooit gesien nie. Hy kondig aan dat die Skotse kerk van nou af tot die episkopale stelsel omvorm moet word – daar sal nie verder predikante en ouderlinge wees nie, maar biskoppe. Vir hierdie doel sal daar voortaan net een liturgiese boek in die erediens gebruik word, naamlik die *English Book of Prayers* soos wat dit deur die Aartsbiskop van Kantelberg (Canterbury) voorgeskryf is, die sogenaamde *Laud's Liturgy*. Dit is 'n blatante daad van deformasie wat in die erediens begin.

Die skok van die oomblik


Ja, dit was 'n ontsettende skok vir die gemeente. Hier voor hulle oë - so het hulle gesê - word hulle eie gereformeerde gemeente, na al die stryd van die Reformasie, weer in die arms van Rome teruggegooi. Vir hierdie geharde Presbiteriane (vir wie Christus die kerk deur sy ouderlinge, die presbiters, regeer), is die koning van Engeland, Karel I, skielik die hoof van die kerk van Christus. Die *English Prayer Book* was die laaste stap terug na die Roomse kerk. Wat op daardie dag in die gemeente van Edinburg afgespeel het was niks anders as 'the rags of Popery' nie. Emosies het hoog geloop. 'Verraaiers van Jesus Christus!' word uitgeroep. 'Is daar dan niemand meer wat hierdie biskop en hierdie monnik uit ons erediens kan verwyder nie? Waar is ons dominee Melville? Wie het hom belet om vanoggend hier te wees?' Die toepassing van die nuwe liturgie was volgens die gereformeerde Skotte 'idolatri' (afgodsdien).

- In plaas van die nagmaalstafel moet die lidmate nou op hulle knieë met 'n oop mond 'n harde koekie van die priester by hulle sitplekke ontvang.
- In plaas van die nagmaalsbeker vir die gemeente, alleen 'n beker vir die priesters.
- In plaas van Psalms deur die gemeente gesing, sing die priester nou 'n kantelie (chant).
- In plaas van gebede deur die predikant, alleen formuliergebede uit die nuwe boek.

- In plaas van 'n voorbereide preek uit God se Woord, 'n voorgeskrewe oordenking.
- In plaas van 'n diens in hulle moedertaal, 'n stuk Latynse gemompel.
- In plaas van kerkraadsvergaderings deur ouderlinge, nou die regeerburo van die biskop.

Jenny Geddes neem sake in eie hande

In daardie diens op Sondag 23 Julie 1637 het emosies tot 'n breekpunt gekom. Iemand moet iets doen! En iemand hê iets gedoen! In die agterste sitplekke het 'n eenvoudige, ongeleerde vrou tjie gesit. Die mense ken haar, want sy verkoop groente met haar stootkarretjie in High Street. Haar naam is Jenny Geddes. Sy woon daar naby in die Cow Gate-straat. Niemand het iets vir haar gesê nie. Niemand het geweet wat sy van plan was om te doen nie. Sonder dat die kerkmense dit eintlik agterkom, vat sy haar opvoubare stoeltjie, stap agter om die mense, gaan op die westelike paadjie in die kerk af totdat sy so 'n vyf meter van die preekstoel is. Sy wag haar kans af. Toe biskop Lindsay weer 'n slag vir die gemeente vertel dat hulle van nou af die *English Prayer Book* moet gebruik, toe kom dit ... Jenny Geddes swaai haar stoel 'n rondte in die lug en gooi dit reguit na die biskop. Uit die bloute trek die stoel soos 'n missiel en val op die preekstoel! Dit is nie al nie. In die ou Engelse taal roep sy (dit is haar



Die St. Giles-Katedraal in Edinburg waar Jenny Geddes op 23 Julie 1637 haar stoel na 'n biskop gegooi het

letterlike woorde): 'Out, thou fause thief! dost thou say mass at my lug?' In Afrikaans beteken dit iets soos die volgende: 'Weg is jy, jou skelm dief! Durf jy om die mis in my ore te noem?'

Nou moet ons onthou: Jenny Geddes het 'n gereformeerde kerkisasie ontvang. John Knox het sy mense geleer: 'The mass is invented by the brains of man without any commandment of God - therefore it is idolatry' (volume 3 van sy Versamelde Werke, p 34). Dit herinner aan ons eie Heidelbergse Kategismus wat die mis 'n afgodery wat vervloek is' noem (antwoord 80).

Toe Jenny haar stoel gegooi het, was dit pandemonium in die kerk van St. Giles. Die biskop eis dat sy gearresteer moet word. Die gemeente staan egter

bankvas rondom haar. Haar daad was verkeerd sê hulle, maar sy het ons almal se gevoel vertolk. Julle gaan nie aan haar vat nie! Dit was die uiteinde van die saak.

Wat ná Jenny Geddes se daad gebeur het, was bloed en tranen - die bitter stryd van die *Covenanters*, die Calviniste wat hulle lewens teen die staat moes verdedig. Dit was soortgelyk aan die stryd van die Hugenote in Frankryk teen die einde van die sewentiende eeu. Alles was die gevolg van 'n heerssugtige Engelse koning wat oor Christus se kerk wou baaspeel en nie na God se Woord geluister het nie. Die duiwel is baie slim. Gryp 'n gereformeerde gemeente in sy liturgie; begin dáár die aanslag en deformasie weg van die Woord volg op alle terreine.

Jaarlikse VGL-byeenkoms

22 en 23 Oktober 2004

Gereformeerde Kerkwees in Suid-Afrika

Oop gesprek oor gereformeerde-wees van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA), die Nederduits Gereformeerde Kerk (NGK) en die Vrye Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika (VGKSA).

REKENAAR EN INTERNET

Dr AH Bogaards, Pretoria-Rooiwal

Alfred Edersheim (2)

In sy boek *The life and times of Jesus the Messiah* wys Edersheim 'n hele hoofstuk aan die vraag hoe 'n Messias die Jode verwag en wat hulle van Hom verwag. Wat hier volg, is 'n kort uittreksel.

Al wat volgens die rabbyne nodig is

Volgens die rabbyne is bestudering van die wet en die doen van goeie werke al wat vir Israel nodig is - dit lê binne die bereik van almal. Al waarop Israel hoop is nasionale herstel en heerlikheid. Alle ander dinge is net middels tot hierdie doelwitte. Die Messias self is bloot 'n instrument om dit te bereik.

Wel 'n lydende Messias

Edersheim wys daarop dat daar in rabbynse geskrifte inderdaad verwysings is na die lyding en die dood van die Messias. Dit word ook in verband gebring met ons sondes - hoe kan dit ook anders in die lig van Jesaja 53:1-2. In een baie merkwaardige kommentaar word die Messias voorgestel as gewillig om al hierdie lyding op Hom te neem op voorwaarde dat die hele Israel - die lewendes, die wat alreeds gesterf het

en die wat nog gebore moet word - gered sal word. As vrug van sy werk sal God en Israel versoen en Satan in die hel gewerp word. Maar, vervolg Edersheim dan, daar is net die vaagste verwysing na die wegneem van sonde deur die Messias in die sin van plaasvervangende lyding.

Geen erfsonde en verdorwe natuur nie

In verband met die wegneem van sonde deur die Messias in die sin van plaasvervangende lyding, is dit uiters belangrik om te onthou dat die groot leerstukke van die erfsonde en ons sondige natuur nooit leerstukke van die ou rabbyne was nie.

Natuurlik het hulle nie die gevolge van die sonde ontken nie. Terwyl die Nuwe Testament die sondeval so ernstig sien dat dit as die rede waarom die Verlosser moes kom voorgelê word, kom die sondeval by die rabbyne nie naastenby in so 'n ernstige lig te staan nie.

Die verskil tussen die rabbyne en die Nuwe Testament is so fundamenteel dat nadere verklarings nodig is.

Die val van Adam word aan die jaloersheid van die engele toegeskryf. Die engele het tevergeefs probeer

om die skepping van die mens te verhoed. Toe hulle dit nie kon regkry nie, het hulle saamgesweer om die mens in sonde te laat val.

Die eerste gevolg van die sondeval was dat die *shekinah*, die heerlikheid van die Here, van die aarde af tot in die eerste hemel onttrek is. Sondes daarná lei tot die verwydering van die Here tot in die sewende hemel. Hierdie verwydering van die *shekinah* kan egter skaars beskou word as 'n permanente gevolg van die sondeval, aangesien die goeie daad van sewe regverdige manne, beginnende met Abraham, dit weer in die tyd van Moses na die aarde teruggebring het. Adam het ses dinge deur sy sonde verloor, maar al ses word deur die Messias herstel.

Wat die oorsprong van dood betref lyk dit asof daar twee uiteenlopende opinies was. Sommige soek dit in die skuld van Adam. Tog word dit nie algemeen erken nie. Die sonde word egter toegeskryf aan persoonlike skuld.

Oor ses mense, naamlik Abraham, Isak, Jakob, Moses, Aäron en Miriam, het die engel van die dood geen absolute mag nie. Wat meer is, daar was 'n tyd dat die hele Israel van die dood vry was. Hulle was soos die

engele en selfs hoër. Aanvanklik het God die wet aan die heidense nasies aangebied, maar hulle het geweier om hulle daaraan te onderwerp. Toe Israel egter die wet by Sinai aanvaar het, is die beskrywing van Psalm 82:6 letterlik op hulle toegepas: 'Ek self het gesê: Julle is gode, en julle is almal seuns van die Allerhoogste'. Hulle sou nie gesterf het nie - hulle was 'seuns van God'. Hulle het dit egter verloor deur die sonde met die goue kalf. As dit nie sou gebeur het nie, aldus die Talmud, en Israel in hulle 'engelestaat' sou volhard het, sou die nasie met daardie generasie opgehou het.

Wat die morele gevolge van die sonde betref leer die rabbyne dat die mens met twee neigings geskape is: die neiging tot kwaad (*yeşer hara*) en die neiging tot die goeie. Die eerste werk reeds van die begin af; die tweede kom geleidelik met verloop van tyd. Die geneigdheid tot kwaad is nie die mens se skuld nie. Intendeel, dit is volgens die Talmud deur God self geskep. Weliswaar het God berou daarvoor gehad toe Hy die gevolge daarvan gesien het. Verder is dit in elke mens se mag om die kwaad te oorwin en die lewe te verwerf deur bestudering van die wet en goeie werke.

Wel 'n Messias-Koning, maar nie 'n Messias-Priester nie

Omdat die behoefte om van sonde verlos te word in die rabbyne tradisie ontbreek, kan 'n mens begryp waarom daar in hierdie tradisie ook geen plek vir die priesterlike amp van die Messias is nie. Selfs die profetiese amp van die Messias word deur sy koms as hulle Koning en Redder oorskadu.

Wanneer sal die Messias kom?

Dit is 'n vraag wat die rabbi's vandag nog besig hou.

Waarom moet die Joodse volk so ly? Die oorsaak daarvan is die sonde: nasionale sonde, die afgodery van vroeër, die heersende misdaad en slegtheid, die verlating van God se insettings, die nalaat van onderrig in, studie van en praktiese uitlewing van God se wet en, in latere tye, die liefde vir geld en onderlinge twis.

Die sewentig jaar ballingskap het tog tot 'n einde gekom? Waarom dan nie die huidige verstrooiing nie? By al die ander sondes is ook die sonde van huigelary bygevoeg, vanweë die

gemengde huwelike en ander slegte gewoontes. Die gevolge daarvan kan in die politieke toestand van Israel gesien word, maar ook in die land self: in die afwesigheid van reën en dou, van vrugbaarheid en oorvloed, in die ophou van vroomheid en godsdienstige studie en in die verstomming van profesie.

Wanneer sal die Messias dan kom? Waarom word sy koms en die verlossing van Israel eindeloos vertraag? Hier staan die sinagoge tans voor 'n raaisel. Hulle het geen antwoord nie.

Ten slotte

Wie iets oor die Joodse opvatting oor die Messias wil leer, het in die werke van Edersheim 'n belangrike bron en boonop een wat vir almal verkrygbaar en leesbaar is.

Dit is besonder leersaam om die verband tussen die Jode se on-Bybelse sondeleer en gevolglik hulle on-Bybelse Messiasbeskouing te sien. Ook 'n juiste siening van die sondeleer van die Ou Testament is noodsaaklik om te sien wie die Messias is wat die Ou Testament verkondig: Een wat nie alleen Koning is nie, maar ook Priester.

PERSSKOU

Ds GJ Meijer, Wonderboompoort

Opwindende Kategismusprediking

Die debat oor Kategismusprediking ken geen einde nie. Ongelukkig is die debat dikwels negatief. Vanuit 'n teologiese perspektief sien sommige spanning tussen 'Skriprediking' en 'Leerprediking' – asof die Kategismus 'n ander taal as die Skrif praat, en nie die Skrif eggo nie. Vanuit die perspektief van menige lidmaat word Kategismusprediking as dor en droog ervaar. En predikante? Dit is 'n hartseer werklikheid dat daar predikante is wat te kenne gee dat hulle lankal 'uitgepreek' geraak het oor die Kategismus.

Te midde van hierdie negatiwiteit is dit verfrissend om 'n artikel te lees wat positief oor Kategismusprediking

handel. Onder die opskrif *Opwindende Kategismusprediking* skryf dr Chris Saayman in die Gereformeerde Internet Tydskrif *Vox Viva* (Augustus 2004, nommer 21):

“Hoe gemaak met die tweede erediens?” is die kopseer van menige gereformeerde gemeente – verwysende na Sondae se aanddiens/ middagdiens. Steeds kwyn die belangstelling van talle lidmate om hierdie diens by te woon. Ongetwyfeld speel die invloed van ons sekulêre samelewing met sy gemaksugtige individualisme 'n groot rol hierin. Andersyds het Sondae die enigste “rustige tyd” geword waar gesinne tyd met mekaar kan spandeer

en kwyn die belangstelling om twee maal per Sondag na 'n kerkdiens te gaan. Ten einde die aanddiens te behou en mense te lok word sangdienste, besprekingsdienste, uitvoerings en opvoerings gehou. Alles wat vir die mense “lekker” is en wat behoeftes kan bevredig. Die gemeente wat trou gereformeerd wil bly, voel egter altyd hieroor onrustig, want “gereformeerd” is mos sinoniem met “Bybels”. Die vraag is dus altyd maar weer of hierdie toedrag van sake werklik met die Skrif te rym is. Vir 'n gereformeerde gemeente sal dit nie primêr gaan oor suksesse of getalle of behoeftebevrediging nie, maar oor dít wat Skriftuurlik is.

Noodsaak

Oor die noodsaak van Kategismusprediking skryf dr Saayman:

Volgens die Skrif het die vroegste christelike gemeente “volhard in die leer van die Apostels” (Handelinge 2:42). Volgens Efesiërs 2:20 is die gemeente ‘n gebou wat opgerig is op die fondament van die Apostels en die profete. Die hartaar van die ware kerk van Christus is dus die ware leer. Dit is ‘n voortbou op die unieke aard van die Ou Testamentiese gemeente van Israel waar die geloofsonderrig uit die Torah die hartklop van alles was. Geen wonder dus dat Judas die kerk “aanspoor om te stry vir die geloof wat eenmaal oorgelewer is” (Judas vers 3; sien ook Filippense 1:27). Dit “wat die Apostels voorheen geleer het” is die teengif vir afwykende leer wat die gemeente kon binnedring (Judas vers 17). Die “gees van waarheid” word juis onderskei van die “gees van dwaling” deur dit wat die Apostels geleer het (1 Johannes 4:6). Wie nie by die leer van Christus bly nie, erken glad nie die ware God nie (2 Johannes vers 9) en behoort nie eens gegroet te word nie (vers 10).

Reformatore

Dr Saayman wys aan hoe die Reformatore die noodsaak van suiwer leerprediking raakgesien en voorgestaan het:

Die kerk van die Reformasie wou met alle mag terugkeer na die Skrif en kerk wees op die Bybelse manier. Vanselfsprekend dat die gemeente toe weer verbind is aan die ware leer – die leer van die Apostels. Om hierdie rede is die Kategismusprediking ingevoer. ‘n Tweede erediens is op Sondae gehou met ‘n spesifieke doel voor oë. Nie omdat daar Sondae twee eredienste moet wees nie, maar sodat die gemeente in die ware leer onderrig kon word. Die bedoeling was nie dat die tweede erediens ‘n duplisering van die oggenddiens moes wees nie. Die tweede erediens het ‘n eiesoortige karakter en oogmerk gehad. Dit moes ‘n leardiens wees. Nie gefokus op dit wat die mense wou hê nie, maar op dit wat vir hulle nodig was.

Martin Luther het reeds vroeg in die 16de eeu Kategismuspreke in Wittenberg gehou. Calvyn het hierdie gebruik opgeneem in sy 1541 Kerkorde

vir Genève. Die Kerkorde van die Hollandse vlugtelinggemeente in Londen (1554) gee ook voorskrifte in hierdie verband. Die gereformeerde Kerkorde van Heidelberg (1563) ken ook die Kategismuspreke as ‘n geïntegreerde onderdeel van die gemeentelewe. ‘n Gereformeerde Kerk en die Heidelbergse Kategismus hoort gewoon bymekaar. Daarom bepaal die Kerkorde van Dordrecht (1619) dat “men zal op de Zondagen, des namiddags, altijd catechetische predikatiën doen, waarin de Heidelbergsche Catechismus, in onze kerken aangenomen, naar de orde verklaard zal worden.”

Teenkanting

Die instel van ‘n tweede erediens met didaktiese karakter, was aanvanklik nie gewild nie. By die Sinode van Dordrecht is juis melding gemaak van die “kleine getal toehoorders” wat in sommige gemeentes die Kategismusdiens bywoon, maar dit is benadruk dat hierdie eredienste “niet mogen verzuimd of nagelaten worden, al is het dat de predikanten voor weinige toehoorders, ja slechts alleen voor hunne familiën zouden moeten prediken.” Die Sinode was oortuig dat, indien die leraars die voorbeeld sou stel om met die Kategismuspreke voort te gaan, selfs al preek hulle net vir hulle eie gesinne, dit weldra aansteeklik sou werk en meer mense sou lok. Ten alle koste moes dit benadruk word: Die ware kerk van Christus is verbonde aan die ware leer van die Apostels en hierdie leer moet weekliks aan die gemeente geleer word.

Hierdie artikel is ‘n pleidooi vir ‘n terugkeer tot daadwerklike Kategismusprediking. Dit is ook bedoel om diegene wat dit reeds/steeds doen, te motiveer en aan te moedig om te volhard en dit nog bétér te doen. Dit is immers ‘n eensame en moeisame pad, maar ongetwyfeld die beste pad. Ongelukkig het Kategismusprediking – wat die NG Kerk aanbetref – met die verloop van jare by lidmate én leraars in groot onguns verval. Hiertoë het die magtige invloed van die Piëtisme en die metodistiese gevoelsgoddiens verseker meegewerk. Post-Moderne individualistiese relativisme is skepties oor iets soos “absolute Waarheid” en stel gewoon nie belang in onderrig in die apostoliese leer nie.

Rigtingwysers

Dr Saayman gee ‘vir gemeentes wat ten spyte hiervan steeds getrou wil bly, enkele rigtingwysers’ (verkort weergegee):

- Prediking aan die hand van die Heidelbergse Kategismus moet voluit suiwer Woordbediening wees. Dit is nie dorre skoolse prediking van ‘n menslike geskrif soos die Remonstrante altyd teëskop nie. Dit is geen analitiese prediking volgens die letter van die Heidelbergse Kategismus nie. Die Kategismus lei juis na die Skrif! In die Kategismus kom die leer van die Woord aan die orde en dít word verkondig. Dit gaan oor niks minder nie as lewende Christusverkondiging.
 - Tog moet die aksent op lerende prediking nie verwaarloos word nie. Hier lê juis die unieke karakter van die tweede erediens. Die gemeente moet nader onderwys word in die leer van die Woord. By lerende prediking gaan dit nie soseer om die proklamering van die heilsfeite nie, maar die nadere uiteensetting van die betekenis daarvan.
 - Teenoor die piëtistiese individualisme, knoop die lerende Kategismusprediking die gemeente aan die geloof van die kerk. Ek het nie maar net “my geloof” en ek bely nie maar net die Waarheid “op my eie manier” nie! Ek bely die geloof van die kerk!
 - Dit is belangrik dat die Kategismus in volgorde deurgepreek word en ook so dikwels moontlik (verkieëlik weekliks). Dit help die leraar om die volle Raad van God te verkondig en nie vas te val in persoonlike lieflingstemas (eie voorkeur) nie. Dit dwing die leraar om by alle aspekte van die ware leer uit te kom. Ongetwyfeld help dit ook die lidmate om die afwykende leer waarmee hul vanuit verskeie oorde gekonfronteer word, te onderskei.
- Dr Saayman raak ook enkele praktiese sake aan:
- Dit is belangrik dat Woordverkondiging aan die hand van die Heidelbergse Kategismus aantreklik moet wees. Indien die opkoms by die erediens skraal is, deel dan vir elkeen ‘n papier uit waarop die teks van die betrokke

Sondagsafdeling afgedruk is asook die preekmanuskrip. Sodoende kan almal saam lees wanneer die Kategismus gelees word en die preek kan gevolg word en later weer herlees word. Dit is ook belangrik om te poog om die prediking op 'n boeiende en pakkende wyse aan te bied. 'n Geleentheid vir 'n preekbespreking aan die einde van die diens kan ook 'n goeie doel dien.

- Die hele saak van terugkeer tot die praktiese hantering van ons belydenisskrifte, lei tot 'n verdere probleem naamlik die verouderde taalgebruik (woordeskat, styl en grammatika) van ons belydenisskrifte. Het dit nie dringend tyd geword vir 'n nuwe vertaling van die belydenisskrifte in goeie Afrikaans nie? Sal dit nie baie meer mense (ook jongmense) motiveer om die belydenisskrifte te lees nie? Die goeie nuus is dat 'n landswye multidissiplinêre projek om die belydenisskrifte vanuit die tale waarin hulle oorspronklik

opgestel is te vertaal, onlangs geloods is. Die sekretariaat van dié projek word in die Fakulteit Teologie, Universiteit van die Vrystaat, gevestig en prof. Dolf Britz kan hieroor gekontak word.

Die artikel word met 'n ernstige, selfondersoekende vraag afgesluit:

- *Ons moet dalk net weer seker maak of dié geloof wat in die Kategismus bely word nog ons geloof is. Is die twee nog sinoniem? Is die inhoud van ons geloof nog dieselfde as die geloof van "almal wat dieselfde kosbare geloof as ons ontvang het"? (2 Petrus 1:1). Laat ons nie te gou positief antwoord nie. Laat ons eers mooi gaan nadink oor die maklike manier waarop ons deesdae praat van ons "aksentverskille" met die belydenisskrifte en die "ander tye wat vandag ander temas aan die orde stel as in die 16de eeu". Laat ons seker maak of daar nie 'n konfessionele onverskilligheid en 'n ander houding teenoor die Bybel posgevat het nie. 'n Sig op die Bybel wat anders is as dié van die Reformasie. Laat ons seker maak of daar nie reeds 'n wesenlike verskuiwing plaasgevind het nie. Indien wel, het dit tyd geword vir indringende bekering.*

'n Klomp sake word aangesny. Nie net die Kategismusprediking nie, maar ook die tweede erediens en die inkleding daarvan kom onder die soeklig. Waarskuwingseine wat in verband hiermee uitgestuur word, kan alleen maar in rooi onderstreep word. Dit is tragies om te sien hoe die erediens - veral die tweede erediens - by die behoefte van die mens aangepas word. Onmiddellik duik die vraag op: is dit dan nog ere-diens? Eer ons God en dien ons Hom as ons primêr ingestel is op ons eie belewenisse - of op die belewenisse en behoeftes van 'n deel van die

gemeente (byvoorbeeld die jeug)?

Wat betref die noodsaaklikheid van onderrig in die leer hoef daar slegs na die besluit van Nasionale Sinode 2003 oor die bewoording in die Apostolicum verwys te word om die geldigheid van dr Saayman se punt te bevestig. Die woorde 'wat neergedaal het na die hel' skep klaarblyklik verwarring. Lidmate - of soos dit in die algemene spreektaal bekend staan: leke - verstaan nie (meer) wat dit beteken dat Christus na die hel neergedaal het nie. Lidmate worstel met 'n verstaansprobleem! Wat van voortdurende en deeglike onderrig aan die hand van Sondag 16 van die Kategismus? Is daar hoegenaamd rede vir nie-verstaan as lidmate, jonk en oud, behoorlik in die Kategismus onderrig word, en sodoende van hulle leke-pakkies ontslae raak?

Die praktiese sake wat dr Saayman aanroer is debatteerbaar. Verandering in woordeskat moet altyd met die grootste omsigtigheid hanteer word. Woorde het waarde. Dit is van belang dat mense die waarde van woorde leer; ook van die woorde in ons belydenis. Om bloot woorde te verander omdat dit verouderd sou wees (wie bepaal dit in ieder geval?) is so goed as om die simptome te dokter en by die eintlike siekte van onkunde verby te kyk.

Die slotvraag dwing 'n mens inderdaad tot stilstand. Nie alleen ten opsigte van die Kategismus nie, maar ook wat die ander belydenisskrifte betref moet die saak uitgemaak word of mense vandag nog glo en bely soos en saam met Christus se kerk deur die eeue. Die Nuwe Hervorming het dalk reeds meer veld gewen as wat 'n mens wil erken. Intussen moet die vraag beantwoord word: staan ons nog by die belydenis? Met dié vraag raak ons die hart van ons geloof en ons gereformeerde-wees aan.

VERENIGING VIR GEREFORMEERDE LEWENSWANDEL

Redaksie:

Mev J de Wind
Ds GJ Meijer
Ds HLJ Momberg
Posbus 31712, Totiusdal, 0134
Tel 012 546 4915
e-pos: gjmeijer@absamail.co.za
jdewind@mweb.co.za

Medewerkers:

Dr AH Bogaards
Prof JM Boon
Dr ALA Buys
Dr EA de Boer
Prof GJC Jordaan
Ds SJMS Smit
Dr AH van den Bout

Webbladsy: <http://www.vgl.co.za>

Administrasie-adres:

Mev Hanneke Das
Waarheid en Dwaling
Posbus 31712, Totiusdal, 0134
Tel 012 331 4733 (na 14:00)
e-pos: jdirkdas@absamail.co.za

Intekengeld:

R110 per jaar en addisionele bydraes kan inbetaal word by:

**Waarheid en Dwaling
Spaarrekening 9054701904
ABSA, Waverley, Pretoria**

Tegniese versorging:

Printburo
Posbus 25316
Gezina, 0031

Vakatures

Die Gereformeerde Skool Dirk Postma stel die volgende vakatures bekend:

- Die hoërskool verwag om aanstaande jaar na meer as 130 leerlinge uit te brei en benodig 'n eie voltydse hoof
- Die laerskool het 'n vakature op junior primêre vlak
- Die administrasie het 'n vakature vir 'n algemene assistent.

Aansoeke

- Geskikte persone moet voor 30 September aansoek doen. Die aansoek moet vergesel wees van 'n volledige CV (merk vertroulik) en dit moet geadresseer wees aan:

Die Voorsitter, GSDP, Posbus 21120, Totiusdal, 0134.

Straatadres: Cunninghamlaan 1182, Waverley, Pretoria